

Vrydag 6 Mei

Skrifgedeelte: 1 Samuel 16:1-13

Fokusgedeelte: 1 Samuel 16:7, 13

Die Here kyk nie na dieselfde dinge as die mens nie

Vanweë sy herhaaldelike ongehoorsaamheid het die Here Saul as koning verwerp. Samuel word dan deur die Here beveel om 'n ander koning te self. Onder Isai se seuns het die Here vir hom 'n koning gekies. Wanneer Eliab voor Samuel verskyn, dink Samuel dadelik dat dit die gesalfde van die Here is. Soos Saul, het Eliab 'n mooi voorkoms gehad, en was hy buitengewoon lank (1 Sam. 9:2; 16:7).

Maar dit was nie die een wat die Here gekies het nie. Die Here sê vir Samuel: "Die Here kyk nie na dieselfde dinge as die mens nie. Die mens kyk na die uiterlike, maar die Here na die innerlike" (1 Sam. 16:7).

Wat 'n treffende openbaring is dit nie? Die Here kyk anders na dinge as die mens. Hy kies nie leiers vir sy volk gebaseer op hulle uiterlike voorkoms nie. Sy keuse is nie gebaseer op oppervlakkige oorwegings nie. Hy kyk na die innerlike. Dawid, die jongste seun van Isai wat vanaf die skape geroep moet word om voor Samuel te verskyn, is die een wat die Here gekies het. Hy is die een wat Samuel moes self. Soos met ander leiers wat deur die Here gekies is, het die Gees op hom gekom. Die Gees het gewys dat hy deur die Here gekies is as leier, en die Gees het hom bekragtig vir sy roeping.

Hoe maklik besluit ons nie dinge gebaseer op hoe sake op die oog af lyk nie? Die troos is dat die Here dit nie doen nie. Sy keuses is perfek. Hy sien altyd die volle prentjie, en besluit altyd tot sy eer en ten voordeel van sy kinders. Dit sien ons by uitstek in die stuur en oorgee van sy Seun, ons Here Jesus Christus.

Sing: Psalm 18-1:1, 12

Prof. AJ Coetsee (Albert) (Teologiese Skool Potchefstroom)